2017/10/20
08:32 AM

# Graan SA Oggend Markkommentaar

| | DATUM 2017/10/20 | DATUM 2017/10/19 | | | + - WEEK GELEDE 2017/10/09 | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Data | Δ | Δ% | Data | Δ% | Data |
| DJIA-index | 23163 | 5.44 | 0.0% | 23158 | 1.7% | 22774 |
| Goud (Spot) | 1283.54 | 5.80 | 0.5% | 1277.74 | 0.0% | 1283.16 |
| Brent $/vat | 57.43 | -0.79 | -1.4% | 58.22 | 2.9% | 55.83 |
| 1 € / US$ | 1.1804 | -0.001 | -0.1% | 1.1815 | 0.6% | 1.1728 |
| 1 US$ / ZAR | 13.58 | 0.330 | 2.5% | 13.25 | -0.9% | 13.71 |
| Corn | R 1 865.81 | 45 | 2.5% | R 1 820.47 | *CBOT Corn Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Dec 12:00 the previous day | |
| Wheat | R 2 133.54 | 66 | 3.2% | R 2 067.24 | * CBOT Wheat Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Dec 12:00 the previous day | |
| Soybeans | R 4 869.62 | 123 | 2.6% | R 4 746.47 | * CBOT Soy Nov cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Nov 12:00 the previous day | |
| Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day) | | | | | | |
| Corn Sep 17 | 349.00 | 0.00 | 0.0% | 349.00 | 0% | 350.00 |
| Wheat Sep 17 | 432.00 | 3.00 | 0.7% | 429.00 | 2% | 443.00 |
| Soybeans Sep 17 | 986.00 | 1.00 | 0.1% | 985.00 | 1% | 972.00 |
| PLAASLIKE MARKINLIGTING | | | | | | |
| SORGHUM Dec '17 | 2550.00 | 0.00 | 0.0% | 2550.00 | -1.9% | 2600.00 |
| WMAZ Spot | 1882.00 | -2.00 | -0.1% | 1884.00 | 1.0% | 1863.00 |
| WMAZ Dec 17 | 1920.00 | -6.00 | -0.3% | 1926.00 | 0.2% | 1916.00 |
| WMAZ Mar 18 | 1964.00 | -6.00 | -0.3% | 1970.00 | 0.1% | 1963.00 |
| YMAZ Spot | 1974.00 | 3.00 | 0.2% | 1971.00 | 0.1% | 1973.00 |
| YMAZ Dec 17 | 2013.00 | -1.00 | 0.0% | 2014.00 | -0.9% | 2032.00 |
| YMAZ Mar 18 | 2061.00 | 3.00 | 0.1% | 2058.00 | -1.0% | 2081.00 |
| SOY Spot | 4755.00 | 23.00 | 0.5% | 4732.00 | 1.0% | 4710.00 |
| SOY Dec 17 | 4835.00 | 16.00 | 0.3% | 4819.00 | 0.5% | 4811.00 |
| SUN Spot | 4500.00 | 0.00 | 0.0% | 4500.00 | -5.3% | 4750.00 |
| SUN Dec 17 | 4559.00 | -9.00 | -0.2% | 4568.00 | -4.0% | 4750.00 |
| WHEAT Spot | 4200.00 | 0.00 | 0.0% | 4200.00 | -13.4% | 4851.00 |
| WHEAT Dec 17 | 4145.00 | 5.00 | 0.1% | 4140.00 | 0.3% | 4131.00 |
| WHEAT Mrt 18 | 4224.00 | 0.00 | 0.0% | 4224.00 | -0.2% | 4152.00 |

| BY DIE GELD PUT OPSIE | | | |
|---|---|---|---|
| | WM | YM | |
| JULIE '18 TERMYNPRYS | R 2 065.00 | R 2 132.00 | |
| PUT TREFPRYS | R 2 080.00 | R 2 140.00 | |
| PUT PREMIE | R 231.44 | R 208.46 | |
| MINIMUM SAFEX PRYS | R 1 848.56 | R 1 931.54 | |

| WEEK NR. | MIELIE UITVOERE | | |
|---|---|---|---|
| 24 | WM | YM | TM |
| WEEK TOTAAL | 6 281 | 4 690 | 10 971 |
| JTD TOTAAL | 479 749 | 906 750 | 1 386 499 |
| UITVOERBAAR | 2 500 000 | 1 850 000 | 4 350 000 |
| JTD AS % VAN UITVOERBAAR | 19% | 49% | 32% |
| TEMPO/WEEK BENODIG | 72 152 | 33 688 | 105 839 |
| | MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS | | |
| WEEK TOTAAL | 21 176 | 10 165 | 31 341 |
| JTD TOTAAL | 9 357 228 | 6 281 499 | 15 638 727 |
| NOK SKATTING + REGSTELLINGS | 9 642 750 | 6 451 250 | 16 094 000 |
| % GELEWER VAN OES | 97% | 97% | 97% |
| TEMPO /WEEK BENODIG | 10 197 | 6 063 | 16 260 |
| | KORING INVOERE | | |
| | 2017/18 | 2016/17 | 5 Jr. GEM |
| WEEK TOTAAL | 83 442 | 30 943 | 72 134 |
| JTD TOTAAL | 188 208 | 32 843 | 94 445 |
| TOTAAL BENODIG | 1 800 000 | 930 728 | 1 568 763 |
| JTD AS % VAN BENODIG | 10% | 3.5% | 6% |

NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

**Markoorsig:** Die rand verhandel tans swakker as die vlakke waarteen dit gister-middag met marksluiting verhandel het en dit verhandel vanoggend teen R13.57/$. Die rand het einde verlede week en die begin van die week sterker verhandel met die verswakking van die doller wat gesien was, maar die President het die waarde van die rand weer omvêrgegooi met die kabinetskommeling wat heel onverwags plaasgevind het en weer die beleggersvertroue onder druk geplaas het. Die rand het ook effens onder druk gekom met die inflasiesyfer vir September wat weer hoër was as die Augustus inflasie syfer. In die internasionale konteks het die Euro versterk teenoor die doller en die groot dag wat in die internasionale konteks dopgehou sal word, is volgende Dinsdag wanneer Donald Trump met die republikeine vergader rakende sy planne vir die Amerikaanse belasting wysiging. Op die kommoditeitsfront het die Brent ru olie prys effens laer verhandel en verhandel vanoggend teen $57.42/vat.

**Mielies:** Die Amerikaanse mieliepryse het gister effens sterker verhandel nadat daar hierdie week 3 dae van agtereenvolgende dalings in die mark gesien was. Die mieliemark was hierdie week meestal onder druk, hoofsaaklik as gevolg van die hoër opbrengste wat verlede week deur die USDA geskat was vir die jaar se produksie en die verwagtinge van 'n groot Amerikaanse produksie vir die seisoen. Die ondersteuning wat gister in die mark gesien was is hoofsaaklik as gevolg van die beter as verwagte uitvoerverkope wat vir die week aangekondig was. Die weeklikse uitvoerverkope van 1.27 miljoen ton was hoër as wat die markverwagtinge van tussen 800 000 ton en 1 miljoen ton was vir die week. Die totale weeklikse uitvoerverkope was egter ongeveer 21% laer as verlede week se uitvoerverkope, maar 58% hoër as die 4 weeklikse gemiddelde uitvoere teen hierdie tyd van die seisoen. Die tempo van die stroopproses in die VSA sal ook steeds dopgehou word in die komende paar weke met die stroopproses wat reeds agter die 5 jaar gemiddeld is. Die stroopproses kon opgevang het hierdie week met die weer wat meer gunstig was vir die seisoen. Daar word egter weer oor die naweek reën voorspel wat die stroopproses effens kan vertraag. Die nuutste weeklikse produksievorderingsverslag word Maandag deur die USDA bekend gemaak. **Plaaslik:** Die plaaslike mieliepryse het gister meestal onveranderd tot effens laer gesluit. Die wit- en geelmieliemark het gister meestal in 'n sywaartse rigting verhandel. Die mark word nou grootliks beïnvloed deur die internasionale pryse en die wisselkoers. Die tempo van uitvoere wat plaasvind, is laer as die tempo wat benodig word om die groot surplus uit die land uit te kry en dus sal daar aan die einde van die bemarkingseisoen groot oordragvoorraad wees. Die aanplantings vir die volgende seisoen het ook alreeds begin in oostelike gedeeltes van die land.

**Sojabone:** Die Amerikaanse sojaboonmark het gister die afgelope 3 dae se laer verhandelingstendens gebreek en het effens sterker verhandel met positiewe uitvoerverskepingsdata wat ondersteuning aan die mark gebied het. Die sojaboonolie pryse het ook gister sterker verhandel wat bygedra het tot die ondersteuning van die sojaboonpryse. Die sojaboonuitvoerverkope vir die week was laer as verlede week se verkope wat gerapporteer was en ook laer as wat die weeklikse markverwagtinge. Die weeklikse uitvoerverkope was laer as wat die 4 weeklikse gemiddelde uitvoerverkope is teen hierdie tyd van die seisoen. Ten spyte van die uitvoerverkope wat laer was vir die week was die uitvoerverskepings vir die week baie goed gewees. Groot uitvoerverskepings was vir die week gerapporteer met China as die grootste aankoper van die Amerikaanse sojabone terwyl lande soos Spanje, Pakistan, Duitsland en Turkye ook almal sojabone ontvang het vanaf die VSA vir die week. Privaat uitvoerders het uitvoerverkope van 3.8 miljoen ton gerapporteer aan die USDA. Hierdie uitvoere is bestem vir China vir lewering in die 2017/18 seisoen wat 1 September 2017 begin het. Die verwagtinge in die mark vir die 2018 seisoen is dat die VSA waarskynlik meer hektare sojabone sal aanplant as wat in die huidige 2017 seisoen aangeplant is. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het gister ondersteuning gevind en het meestal sterker verhandel in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is. Die plaaslike sonneblommark het egter gemeng verhandel en het onder druk gekom in die naby maande terwyl die nuwe seisoen kontakte ondersteuning gevind het.

**Koring:** Die Amerikaanse koringmarkte het gister effense herstel nadat dit die laaste ruk meestal laer verhandel het. Die mark het ondersteuning gevind met beter as verwagte uitvoerverkope wat vir die week gerapporteer was en daar was ook 'n aanduiding dat van die rolspelers hulself wou beskerm teen hul kort posisies in die mark (short covering). Gister het beide die SRW koring sowel as die HRW koring effens hoër afgesluit terwyl die lentekoring kontrakte beter versterkings getoon het as die winterkoringmarkte. Daar was in die Amerikaanse koringmark vir die afgelope paar weke elke week laer as verwagte koringuitvoerverkope gerapporteer, maar hierdie week het die uitvoerverkope die verwagtinge in die mark oortref. Die weeklikse uitvoerverkope wat gister gerapporteer was, was hoër as verlede week se uitvoerverkope en ook hoër as die week se markverwagtinge. Die uitvoerverskepings vir die week was egter minder gunstig, met die verskepings wat ongeveer 3% laer was as verlede week se verskepings en 34% laer as die 4 weeklikse gemiddeld teen hierdie tyd van die seisoen. Ethiopië het 'n tender uitgesit vir die aankoop van groot hoeveelhede koring vir die huidige seisoen. Die tender se sluitingsdatum is die 24ste Oktober. Die verwagtinge in die mark is dat die tender gevul sal word uit Swart See streek koring en die verwagte lewering sal gedurende Februarie 2018 plaasvind. **Plaaslik:** Die plaaslike koringmark het gister hoofsaaklik onveranderd tot effens sterker verhandel met net die Desember kontrak wat R5/ton hoër gesluit het. Gister se verhandelingsvolumes in die mark was maar redelik laag met die verhandeling wat teen 'n stadige tempo plaasgevind het.

**Plaaslike Markinsigte & Data:** *www.grainsa.co.za /www.sagis.co.za*
**Internasionale Markinsigte & Data:** *www.usda.co.za*

***Opgestel deur*** *Michelle Mokone and Luan van der Walt/* ***Vir navrae, kontak****: Michelle@grainsa.co.za/Luan@grainsa.co.za*
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

*Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.*